CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

CLF Nuus News

The Message of the Bible to all through free and affordable literature in everyone's language

Privaatsak X19 Wellington 7654 • 021 873 6964 • info@clf.co.za • www.clf.co.za 2/2019

Parenting book latest publication from CLF

The Mommy diaries by author, blogger & mom, Kona Brown was launched at the Tapenade & friends in Johannesburg on 7 May 2019. Friends and family, including her brother Elvis Blue, joined in this special event!

"The Mommy diaries" is the perfect gift for moms (and dads) as it tackles those tough topics our children face today, to raise them with courage and character!

Parenting is not for sissies. And with today's kids facing challenges such as social media and the internet, in a complex social landscape where issues such as race, poverty and privilege are forever at the forefront, most moms and dads find themselves parenting in unchartered territory.

Working mom and blogger Kona Brown realised that it was in the car and around the dinner table that her kids would share with her much of what they were facing. And that is how *The Mommy diaries* came to be. Kona wanted to intentionally engage and hopefully equip their kids around issues of the heart, issues of faith and issues in their world.



Editor Danny Fourie and author Kona Brown toast the publication of her first book, The Mommy diaries.

As an intentionally value based and biblically response to issues and events in the world and social and emotional challenges todays parents and kids face, *The Mommy Diaries* focuses on equipping parents to develop in their kids a firm a foundation of the kind of faith and values that might nowadays be considered rare, such as integrity, courage, kindness, resilience, gratitude and more.

Now available from CLF for only R255! Order it online or email order@clf.co.za



CLF launched the new multilingual hymn book, *Sing praises all you people* at the 25 year celebration of the URCSA. Dr Eddie Orsmond, chairman of CLF's publication committee, presented the book to the congregation and Ds Jacques Louw handed a copy of the book to each of the URCSA Moderamen.

Janette Hurter, manager at the CLF Bookshop in Bloemfontein, managed an exhibition table during this event.

To order *Sing praises all you people*, (R199 postage excluded) contact CLF or visit CLF's bookshop in Bloemfontein at the Tweetoring church.

Uitdagings van ’n nuwe dagbreek vir CLF publikasies

dr Eddie Orsmond

Op Saterdag 24 Mei 2019 is Suid-Afrika se nuwe president luisterryk ingehuldig. President Cyril Ramaphosa het in aanloop tot sy verkiesing en inhuldiging as president ’n treffende slagspreuk gemunt: “A New Dawn”. Hy het dit begin gebruik om sy unieke vulling van die posisie as Staatspresident te beskryf. Ja, ons het almal behoefte aan ’n nuwe dagbreek vir ons geliefde land, na ’n teleurstellende Zuma-era.

By CLF is ons diep bewus van die aanbreek van ’n nuwe dagbreek vir hierdie organisasie wat in 2019 die jeugdige ouderdom van 62 jaar bereik. Dat daar by CLF die bewussyn is van en behoefte is aan ’n nuwe dagbreek, hou nie direk verband met die inhuldiging van ’n nuwe president vir Suid-Afrika nie. Dit is wel waar dat veranderende tye, omstandighede, markte, verbruikerspatrone en befondsingstrategieë ons tans bewus maak van ’n nuwe dagbreek – ook vir ons organisasie.

Om publikasies te maak vir ’n teikengroep is nie moeilik nie. Dit word wel meer ingewikkeld wanneer gevestigde ondersteuningstrukture verouder, kommunikasienetwerke verander en posdienste onbekostigbaar raak, vergeet ook nie die (on) betroubaarheid daarvan nie. Voeg hierby die veroudering en afsterwe van lojale ondersteuners oor jare, asook die verskuiwing in taalvoorkeure van teikengemeenskappe. Dit alles vorm deel van die nuwe dag wat op die horison begin breek.

CLF is besig met strategiese besinning. Ons weet die skepping van inhoud en voorsiening van lektuur aan teikengemeenskappe is ons kern besigheid. Die belangrikste uitdaging is wel om die waardevolle produkte en lewegewende boodskap in die hande van mense te besorg wat self daaraan behoefte het, of dit benodig vir bediening in God se koninkryk. Daarom is een van die kernstrategieë terwyl die nuwe dag breek, ontwikkeling van kanale tot by grondvlak, sodat gebruikers deur opleiding die inhoud van die produkte betekenisvol kan oordra. Hierdie strategie rig op sy beurt weer uitdagings ten opsigte van kapasiteit.

By CLF dink ons die skep van inhoud vir die nuwe dag wat breek, in noue samewerking met grondvlakvennote moet gebeur. Samewerking met bedieninge wat betrokke is by evangelisasie en gemeenskapsontwikkeling hou die sleutel vir die ontsluiting van geleenthede wat groter volumes gedrukte lektuur kan versprei.

CLF dank die Here vir strategiese bedieningsvennote wat glo in die visie om die boodskap van die Bybel beskikbaar te maak aan alle mense deur gratis en bekostigbare lektuur in die taal van elkeen se voorkeur.

Ons gaan die nuwe dagbreek tegemoet met die vertroue dat CLF saam met haar bedieningsvennote God se koninkryk dien.

Uit die pen van die redakteur

Die Andrew Murray Prys vir Christelike en teologiese publikasies is die enigste prys wat skrywers van Christelike boeke vereer.

Op 9 Mei 1978 het die gemeenskap van Wellington die 150ste herdenking van die verjaardag van dr Andrew Murray gevier. Van 1891 tot 1917 was Andrew Murray predikant van die NG gemeente Wellington. In sy leeftyd het hy meer as 250 boeke geskryf. Die meeste van hierdie boeke is in verskillende tale vertaal. Murray se boeke word vandag nog in baie lande gelees.

Tydens die feesvierings is daar besluit om ’n prys vir die toekenning van Christelike en teologiese publikasies van uitstaande gehalte, veral in Afrikaans, in te stel. Die prys sal die naam van Andrew Murray dra om erkenning te gee aan die groot invloed van Murray as ‘n man van God en as ’n skrywer.

In 1980 is die Andrew Murray Prys die eerste keer toegeken – aan Ferdinand Deist vir sy boek oor gebed, *Tussen angs en sekerheid.* Daarna is dit jaarliks toegeken. Bekendes wat die Prys ontvang het, sluit oor die jare in: Prof Johan Heyns, Prof Willie Jonker, IL de Villiers, Maretha Maartens, Berta Smit, dr Coenie Burger en prof Wentzel van Huyssteen.

Op 8 September 2006 is aangekondig dat behalwe die Andrew Murray-prys vir Afrikaanse mediaproduksies, ’n nuwe reeks mediapryse gereeld toegeken sal word. Hierdie nuwe pryse vir godsdienstige en teologiese media, sou bekend staan as die Andrew Murray-Desmond Tutu-prys en word toegeken aan publikasies in enige amptelike taal van Suid-Afrika.

Die beheerliggaam was uiters bly toe emeritus Aartsbiskop Desmond Tutu sy toestemming gegee het vir sy naam om aan die prys gekoppel te word. Die koppeling van sy naam aan dié van die bekende NG-dominee kan gesien word as ’n baie spesiale simbool van die versoening. Terwyl Murray en Tutu uit verskillende tye, verskillende kerke, verskillende teologiese tradisies en verskillende dele van die Suid-Afrikaanse kultuur kom, het hierdie prys bevestig dat ons kollektiewe geloof in Jesus Christus uiteindelik alle ander verskille oorheers.

Op 24 Mei 2019 is die Pryse weer toegeken. Oor die jare heen het CLF gereeld van sy publikasies ingeskryf. En alhoewel CLF nog nie ’n prys gewen het nie, bly dit ’n voorreg om aan hierdie prestige prys deel te neem. Ons gelukwensing aan die wenners van vanjaar se pryse.

Danny Fourie
Redakteur: CLF

CLF blootstelling neem toe by gemeenskapsradio's en die media

Oos-Kaap

KingFisher 103.8 / 107.5 FM

Gedurende Maart en April het PE se gemeenskapstasie, KingFisher, ses onderhoude met CLF-skrywers gevoer.
Denise Padayachee (2 boeke)
Selina Kuchocha (Partnering with God)
Tinus van Zyl (Maria en Braam)
Cindy Robertson (Hap van die appel)
TJ Nthakhe (Shout it loud)

PEFM 87.5

Tussen Maart 2019 en Januarie 2020 kry CLF elke alternatiewe maand blootstelling op PEFM d.m.v advertensies, onderhoude en kompetisies. PEFM het selfs begin om ons *Vertel, vertel!* reeks oor geloofsvorming gratis voor te lees!

Weskaap

Radio Tygerberg 104FM en wyer Bloudrukgroep – GrootFM in Gauteng

CLF gaan in 2019 verskeie raakpunte met die Bloudrukgroep hê. CLF het vanaf Maart tot Desember blootstelling op Radio Tygerberg 104FM wat onder meer advertensies, onderhoude en kompetisies insluit.
CLF het ook reeds 2 onderhoude op GrootFM 90.5 gehad oor CLF se gratis pamfletbediening en met Kona Brown, skrywer van *The Mommy diaries.*
CLF se eerste interaksie met die subskripsie TV-stasie, RoepTV, was 'n onderhoud met Kona Brown oor haar boek *The Mommy diaries.*

Radio Kaapse Kansel 729AM

CLF se noue verhouding met Kaapse Kansel duur voort met die borg van RISE, 'n ouerskapprogram wat Donderdae vanaf 12-1nm uitgesaai word sowel as ons maandelikse advertensie en onderhoudsgleuwe.
Die gratis blootstelling deur voorlesings van CLF se *Vertel, vertel!* reeks kom einde Junie tot 'n einde. Daar is egter 'n sterk moontlikheid dat hierdie voorlesings herhaal gaan word.
Verder is Kaapse Kansel besig met opnames van Kona Brown se boek *The Mommy diaries* wat hulle deel van 'n kinderprogram wil maak.

Vrystaat

Rosestad

Die CLF-span het gedurende April met die bestuurshoof, Ds Johan Smit, ontmoet en oor toekomstige samewerking en veldtogte gesels. Ons sien uit om die luisteraars van Bloemfontein te bereik!

"The Mommy diaries" kry goeie blootstelling op SmileFM 90.4, CCFM 107.5, RSG 100-104FM en Radio Helderberg 93.5FM

CLF het verskeie onderhoude gereël met Weskaapse radiostasies om Kona Brown se boek *The Mommy diaries* te bemark. Ons glo hierdie blootstelling het die deure oopgemaak vir nog vele interaksies met hulle.

From left to right: Kona Brown with Frank Rautenbach on the RoepTV set, Kona with Wanda Bam from Radio Cape Pulpit and Kona at SmileFM during her interview with Bailey Schneider.

CLF's One million Bibles for one million children project has a dream to bless children with their own Bible, in their own language.

We have blessed more than 96 000 children with their own Bible since we started the Bible project 2010. And this has only been possible with your loving heart and generous donations.

In February this year, Ayanda Mashini from the Ubabalo Christian Fellowship Church reached out to CLF asking for Bibles for the children in their Sunday School.

Dear donor, it is only due to your contribution towards CLF's "One Million Bibles" project that we were able to bless the 17 children from the Ubabalo children's church with a Storybook Bible in their own language!

Ayanda wrote to us: *"On behalf of the children's ministry, and the entire team at Babalo Christian Fellowship, I would like to express our heartfelt gratitude to CLF for the books you donated to the Sunday School. Everyone is just amazed by your generosity, and the kids are so much delighted. Thank you, thank you a million times, may God continue blessing the organisation, and the entire team."*

Her thanks goes to you, our donor and supporter! Without your generous heart, we could not have donated these Bibles.

In September 2018 CLF also blessed the URCSA Christian Children's Ministry with Bibles. "We once again thank the Christian Literature Fund (CLF) for the donation. It will go a long way in terms of teaching our children about the Bible and Christian principles in building better people and future church leaders." –URCSA Christian Children's Ministry

Shania-Lee, CLF se Bybelprojek ambassadeur in KZN, het Woensdagoggend 27 Maart, die Kingsway Hospitaal besoek en inkleurboeke, kryte en Kinderbybels aan Phumza Mayongo, bestuur van die kinderafdeling, oorhandig.

Ondersteun Shania-Lee se skarefinansieringsveldtog en help ons om kinders se harte vir Jesus te wen! http://ow.ly/WFGP30oeUYz

Modimolle-gemeenskap se kinders kry Bybels

Annerie van JARS boeke het CLF genader om aan 'n uitreik en "Street store" projek deel te neem. CLF het die geleentheid aangegryp om die boodskap van Jesus deur ons gratis pamflette en ons Bybelprojek na die Modimolle gemeenskap en mense wat op straat woon te bring. Lourin Viljoen van die Modimolle Christian Academy skryf na afloop van die uitreik dat CLF 'n groot rol gespeel het om mense wat op straat woon met die Woord te bedien. Ons bid egter saam met hulle dat die Here die saad wat CLF en al die ander organisasies wat betrokke was, gesaai het, vermenigvuldig sal word en mense se lewe werklik ten goede sal verander. Ons ontvang ook hierdie getuienis van Lethlogonola Mohwasa: "Anyone that knows me knows I enjoy helping. When asked if anyone wanted to assist in handing out Bibles I jumped to the opportunity. Being able to give away a Bible will be awesome. "Maria and I represented Kick (Kids in Christ Kingdom) and Modicademy (Modimolle Christian Academy) and we had the privilege of carrying out this task. "The street store was a concept not known to me at this point, so I went there with the intention to give away Bibles, but it ended up in an amazing day of serving and sharing. "See I believe to be gifted to see through a soul and through "charity". I always saw brokenness, but God gave me an opportunity to see charity for what it is. God gave me an opportunity to see restoration instead of brokenness. God gave me hope, by just a very simple (yet significant) task. "Now I may never get to see those children again, but I know a seed is planted. We might never even hear of the harvest but oh there will be a harvest and heaven will rejoice."

Aan die einde van Februarie 2019 maak Leilani Abrams, eers 'n mamma en nou as komiteelid verantwoordelik vir fondsinsameling by die Heideland Pre-primêre Skool in Kleinmond, kontak met CLF. Sy reik uit en vra of hulle kindertjies ook deel kan wees van CLF se projek "Een miljoen Bybels vir een miljoen kinders".

Met die fondse tot ons beskikking in ons Bybelprojek, stuur ons Ja!Kleuter Kinderbybels aan die skool. In die foto's deel mev. Mary Malgas, skoolhoof van Heideland Pre-primêre Skool die Bybels uit aan die kinders.

Dit herinner ons aan Jesus wat in Lukas 18:16 die kindertjies nader roep en sê: "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle."

CLF se innoverende debietorderprogram

Die uitdaging om nuwe bronne van inkomste vir CLF, die Christelike Lektuurfonds, te vind buiten ons lojale donateurs, is in vandag se ekonomiese landskap, nog moeiliker.

Statistieke toon dat besteebare inkomste krimp en die kompeterende nie-winsgewende organisasies by die dag vermeerder, wat die uitdaging om nuwe donateurs se harte vir CLF se missie en bedieninge te wen, daagliks groter maak.

Daarom het die Christelike Lektuurfonds verskeie inisiatiewe ondersoek om CLF se volhoubaarheid te bevorder en CLF in staat te stel om voort te gaan om die Boodskap van die Bybel deur gratis en bekostigbare literatuur aan mense te bring.

CLF werk saam met die Helpcor Trust, 'n NPO wie se uitsluitlike doel dit is om fondse in te samel en te voorsien aan NGO's/NPO's. CLF het daarom as 'n begunstigde by die Helpcor Trust geregistreer. Die Helpcor Trust / ENGO Vrystaat is ook 'n goedgekeurde Artikel 18A organisasie, wat vir u as donateur belastingvoordelig is.

Ons nooi u hiermee uit om deel te word van die oplossing

Enige individu of instansie kan 'n bydrae lewer deur 'n debietordervorm te teken en dan ook ander te inspireer om betrokke te raak by die werwing van fondse vir die Christelike Lektuurfonds.

Vir elke debietorder wat u werf kry u 'n kontant-terug-bonus, gebaseer op die maandelikse debietorderbedrag, om dankie te sê.

Die fondswerwer sal ook elke jaar 'n IT3 sertifikaat ontvang vir inkomste-belastingdoeleindes.

"Ek wil deel wees van die oplossing!"

Indien dit u antwoord is, wonderlik en baie dankie!

Wat moet ek doen?

Kontak Ina Willemse by 021 873 7134 of stuur 'n e-pos aan ina@clf.co.za.

Voltooi die debietordervorm in die brosjure, merk "Ja, Ek wil betrokke raak by die gedifferensiëerde debietorderprogram", skeur die vorm af en pos dit aan CLF vir aandag Ina Willemse.

Gee 'n geskenk wat aanhou bydra tot die uitbreiding van God se koninkryk!

Vir meer as 62 jaar neem die Christelike Lektuurfonds die Boodskap van die Bybel na mense – 'n boodskap van hoop, liefde en verlossing – deur middel van gratis en bekostigbare literatuur.

Oorweeg 'n geskenk wat ons sal help om met hierdie edel saak voort te gaan – om God se glorieryke naam oor die hele wêreld bekend te maak!

U erflating (testamentêre bemaking) kan 'n verskil maak aan die getal mense wat vir die eerste keer van die liefde van God in hul eie taal hoor!

Kontak ons by (021) 873 6964 vir bystand of meer inligting.

Ondersteun CLF se ongewone sendelinge op ’n ongewone manier

Het julle familie of vriende oorsee wat graag CLF se gratis pamflet-bediening wil ondersteun? Met CLF se skare-finansieringsveldtog kan hulle, ongeag waar hulle woon!

Skarefinansiering / befondsing behels basies dat ’n groot hoeveelheid mense tot projekte bydra wat hulle na aan die hart lê. Jy rig dus ’n versoek vir ’n spesifieke doel (soos bv. CLF se pamfletbediening) met ’n teikenbedrag en spertyd.

Stuur hierdie skakel aan julle familie, vriende en netwerke https://gogetfunding.com/the-unusual-missionary/.

Hulle donasie sal CLF help om die Boodskap van die Bybel steeds na almal te neem in hul eie taal.



Pamflette gratis versprei in inheemse tale

Tien duisend pamflette in Xhosa is onlangs by huishoudings in Khayelitsha, Nyanga en Blue Downs in die Wes-Kaap versprei. Elke pakkie wat uitgedeel is, het pamflette bevat wat handel oor evangelisasie of geestelike groei, ’n sosiale kwessie en ’n onderwerp vir kinders.

Ons beplan om soortgelyke aksies in ander inheemse tale in Bloemfontein, die Oos-Kaap en Gauteng te loods.

Ons gebed is dat hierdie saad op vrugbare grond sal val en die Here sy koninkryk ook daar kan uitbou.

CLF se gratis pamflette, in verskeie tale, is aanlyn beskikbaar by www.clf.co.za of stuur ’n e-pos aan order@clf.co.za

Make a difference every time you fill up with Shell!
With every litre of diesel and petrol purchase at participating Shell service stations, CLF will benefit!

The Shell T-card, an initiative of Card4Change in partnership with Shell, is the only card that automatically donates to your charity of choice. CLF is a registered charity/beneficiary with the Card4Change initiative and your contribution with empower CLF to continue with our mission of taking the Message of the Bible to all through free literature.

How does it work?

Once you've applied for your Shell T-card, CLF will be linked as the beneficiary to your card, which can be used at any participating Shell service stations nationwide.
For every litre diesel you purchase, CLF will receive 20c
For every litre petrol you purchase, CLF will receive 10c

When will CLF launch the Card4Change

CLF will launch the Card4Change, Shell T-card in **July 2019.**

For more information, contact Ina Willemse on (021) 873 7134 or email ina@clf.co.za

Hartroerende stories ontbloot vir publikasie oor die droogte

Die verwoestende droogte wat wyd oor Suid-Afrika strek, raak elkeen van ons – direk of indirek. En meeste van ons staan heeltemal te onverskillig oor die ware toedrag van sake.

Daar is onmenslike verhale van verliese, sterwende diere, boere wat opgee, oppak, oorgee aan die loop van 'n vuurwapen, die lus van 'n tou … dié verhale word deel van ons gesprekke. Maar, daar is ook verhale van hoop … mense wat in 'n gebroke wêreld begin uitreik na mekaar, konvooie voer wat aangery word van dele wat wel goeie reëns gehad het, iemand wat R10 afknyp om 'n droogtehulpfonds te ondersteun – want vele tien rande maak dat daar brandstof is vir 'n vragmotor om 'n vrag geskenkte voer weg te neem. Verhale van hoop van mense wat te midde van hierdie uitmergelende droogte steeds vasklou aan die belofte van 'n God groter as enige menslike begrip – dat Hy ons nooit sal versaak nie…

Dit is hierdie verhale wat Anoeschka von Meck tans regoor die land bymekaarmaak. Sy ry die land plat met 'n motor wat goedgunstiglik deur Mosselbaai Nissan geborg is vir die duur van haar reis.

Die boek sal teen einde September op die rak wees. Volg haar reis op ons webwerf by *Stories van Hoop* onder *Latest News*.